Verwysing: 20170217-8052
13/2/3
Navrae: NF Sobetwa-Magodla

Assesseringsbestuursminuut: 0006/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore); Hoofonderwyskundiges; Kringbestuurders; Bestuurders: Kurrikulumondersteuning; Bestuurders: Strategiese Inligting, Beheer en Mensbestuur; Adjunk-hoofonderwyskundiges; Assesseringskoördineerders; Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings

Onderwerp: Bestuur van assesseringsonreëlmatighede op distriksvlak

1. Hierdie minuut vervang Assesseringsbestuursminuut 0024/2009: Bestuur van assesseringsonreëlmatighede op distriksvlak.

2. Volgens die *Regulations pertaining to the Conduct, Administration and Management of Assessment for the National Senior Certificate*, soos gepubliseer in *Staatskoerant 31337*, gewysig op 16 Mei 2014, word daar verwag dat elke distrik 'n Distriksassesseringsonreëlmatigheidskomitee (DAOK) gestig het.

3. Die DAOK is 'n verlenging van die Provinsiale Eksamenonreëlmatigheidskomitee (PEOK). Die DAOK werk onder die regsgeldigheid van die PEOK en rapporteer gereeld aan hulle. Die PEOK sal die insette van alle Komitees oor Distriksassesseringsonreëlmatighede konsolideer en 'n provinsiale verslag aan die Nasionale Eksamenonreëlmatigheidskomitee (NEOK) voorlê.

4. Die DAOK sal alle assesseringsonreëlmatighede op die vlakke van Algemene Onderwys en Opleiding (AOO), Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) en Volwasse Basiese Onderwys en Opleiding (VBOO) hanteer, en sal 'n groot rol speel by die hantering van onreëlmatighede met betrekking tot die nasionale assesserings, provinsiale assesserings en skoolgebaseerde assesserings (SGA).

5. Die doel van hierdie minuut is om riglyne (**Bylae A**) te verskaf oor hoe assesseringsonreëlmatighede op distriksvlak bestuur moet word.

6. Aangeheg by hierdie minuut (**Bylae B**) is 'n vloeidiagram wat illustreer hoe die DAOK onreëlmatighede vir alle eksamens en assesserings moet bestuur.

7. Distriksdirekteure word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van die toepaslike amptenare te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-03-15